

Gans Berg

Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond,
Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

28 Februarie 2025

PRYS / PRICE R12.00

240ste Uitgawe



TMS BOUERS
Manny 082 675 8410
admin@tmsbouers.co.za
NHBC NO: 3000265163 REG NO: 1999/031335/23

Since 1999

Plaasaanval op ons drumpel

Plaasaanvalle 'elders', waarby moord dikwels ingesluit is, is bykans daaglik oor die nuus - die plaasaanval naby Stanford op Woensdag, 19 Februarie 2025 het nou sommer op ons drumpel plaasgevind.

“Die ondersoek is tans in 'n baie sensitiewe stadium en sekere inligting, soos name en die voertuig wat moontlik betrokke was, kan nie bekendgemaak word nie,” het Adjutant Offisier Booyen, Kommunikasiebeampte van Stanford SAPD, die Gans-Berg Nuus tydens 'n onderhoud meegedeel. “'n Soortgelyke voertuig, soos die een waarna op sosiale media na verwys is, is later voorgekeer, maar dit was nie die aanvallers se voertuig nie.” Inligting wat wel beskikbaar is, is dat die gesin uithuisig was. Met hulle terugkeer was hulle bekommerd oor die hekke wat oopgestaan het, wat normaalweg toe is. Geen onraad is

egter vermoed nie en die egpaar en hul seun is later kamer toe om te gaan slaap. Twee mans, waarvan een gewapen was, het die kamer binnegekom. Die egpaar het, na verneem word, teruggeveg, maar is oorrompel toe nog drie mans ingekom het en die oormag was te veel. Die vermoede bestaan dat die 5 mans deur die badkamervenster geklim het.



Die aanvallers het kontant en vuurwapens by die vrou (63) geëis, wat hulle meegedeel het dat daar net sowat R800 was en dat hulle nie vuurwapens besit nie. Sy is met 'cable ties' vasgebind en in die gesig en op haar bors geslaan. Haar man

(66) is meer ernstig aangerand. Hulle het hom met 'n elektriese koord probeer verwurg en met 'n stoel oor die kop geslaan, met ernstige beserings tot gevolg. Die egpaar se seun is ook ernstig aangerand en is met 'n houtvoorwerp op sy kop geslaan. Al drie is per ambulans na Hermanus MediClinic geneem, maar is intussen ontslaan.

Die aanvallers het die R800 en 3 skootrekenaars geneem, asook die egpaar se kluis, met sowat R10 000 daarin, en met 'n onbekende voertuig op die vlug geslaan. Adj.Off. Booyen sê 2 van die skootrekenaars is later 'n paar meter van die toneel af gekry.

Die ondersoekbeampte is Konstabel Kolutie en die gemeenskap word versoek om hom met enige inligting by 028 341 0601 te skakel. Die ondersoek duur voort.

Hardus Botha



BATTERY CORP



WWW.BATTERYCORP.CO.ZA

WE STOCK THE FOLLOWING

- ALL AUTOMOTIVE BATTERIES
- DEEP CYCLE GEL BATTERIES
- LITHIUM BATTERIES
- GOLF CAR BATTERIES
- MOTORCYCLE BATTERIES
- SOLAR PANELS
- INVERTORS



25 MAIN RD GANSBAAI 083 286 8040



- ALL MARINE PAINTS AVAILABLE AT BATTERY CORP

WWW.DEKRO.CO.ZA



CONTACT US TO ADVERTISE:



Michelle van Zyl
078 010 8286

Michelle@gansberg.co.za

Gans Berg
Nuus/News
newspaper
on the
shelves
every Friday



Prag LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT &
PROGRAMMED
9A LONG STREET, HERMANUS
083 660 9115



Opregte Liefde en Ware Geluk

"Haar hande staan vir niks verkeerd nie - sy kan teëlwerk doen, plaveisel lê, lekker kook, wonde skoonmaak en verbind, steke uithaal...sy is regtig 'n merkwaardige vrou - sy is my hele lewe!" - dít is die woorde van 'n baie gelukkige en verliefde bruidegom, Marko Gildenhuis, terwyl hy oor sy geliefde bruid, Chantelle Colyn praat.

Marko en Chantelle is op Saterdag, 22 Februarie 2025 in die AGS Gemeente, Gansbaai in die huwelik bevestig en Marko kon nie uitgepraat raak oor sy bruid nie. Hy sê Chantelle is altyd daar vir haar gemeenskap, dag en nag, maar Saterdag was dit 'n ander storie - Chantelle, bekende paramedikus in Gansbaai, het net oë vir haar bruidegom gehad.

Dié twee koerende duifies ken mekaar al lank, maar het sowat 'n jaar gelede besef

hulle is vir mekaar bedoel. Marko het Chantelle se seun by Hondeklipbaai met 'n sleepwa gaan help en dit was toe net daar waar Cupido sy pyle sekuur afgeskiet het.

Marko is 'n visserman, maar bedryf ook sy eie bou-onderneming. Chantelle het bekendheid verwerf met haar netjiese teëlwerk, maar is alom bekend as 'n geliefde paramedikus by CMC. Die Gildenhuis-egpaar het Saterdag, tydens die onthaal in die AGS Kerksaal, van geluk gestraal en 'n ieder en 'n elk kon sien dat die tweetjies werklik vir mekaar bedoel is.

Die redaksie van die Gans-Berg Nuus dra graag hulle gelukwense aan Marko en Chantelle oor en wens hulle 'n gelukkige en geseënde huwelikslewe toe.

Hardus Botha

'n Stralende Bruidspaar,
Marko en Chantelle Gildenhuis



V A C A N C I E S



POSITION: Maintenance Planner (Hermanus)


REQUIRED COMPETENCY AND/OR QUALIFICATIONS:

- NATIONAL DIPLOMA IN ELECTRICAL/MECHANICAL ENGINEERING (NQF Level 6) OR EQUIVALENT
- EXPERIENCE ON CMMS SOFTWARE – SAP, PLANTMAN, E-WORKS OR SIMILAR
- 5 YEARS PRACTICAL EXPERIENCE IN WATER OR HEAVY INDUSTRY WITH DIRECT INVOLVEMENT WITH OPERATIONS AND MAINTENANCE PLANT EQUIPMENT
- COMPUTER LITERACY IN THE GOOGLE WORKSPACE TOOLS & EXPERIENCE WITH CLOUD COMPUTING, SUCH AS DOCUSIGN, etc.
- CODE B DRIVER'S LICENCE
- VERBAL AND WRITTEN COMMUNICATION SKILLS

STARTING DATE: As soon as possible

APPLICATIONS, IN THE FORM OF A CV, COVERING LETTER WITH CERTIFICATES, SHOULD BE SUBMITTED TO RUTH WEIDEMAN (ruth.weideman@veolia.com) HR DEPARTMENT IN HERMANUS BY NO LATER THAN THE CLOSE OF BUSINESS, Thursday, 06 March 2025.

SHOULD APPLICANTS NOT HAVE RECEIVED A RESPONSE WITHIN 30 DAYS OF THEIR APPLICATION THEY SHOULD CONSIDER THEIR APPLICATION AS UNSUCCESSFUL.



**Fabricator
Welder**

**Welding skills required:
Stainless Steel,
Aluminum & Tig Weld**

Send CV with
qualifications to:
info@ers-online.co.za
Tel: 028 384 0030



Hoe rooier, hoe mooier - Bietoubos Damesklub

Koorsang.



“Ons het besluit om ons byeenkoms 'n dag of wat voor 14 Februarie vir Valentynsdag-vieringe te gebruik,” het Elizma de Lange, voorsitter van die Bietoubos Damesklub tydens hulle byeenkoms op Dinsdag, 11 Februarie 2025, gesê. “Die dag speel nie 'n rol nie, Februarimaand is mos die maand van 'Liefde' en hoe rooier, hoe mooier.” Sy het die

manne in die koor spesiaal tussen die rooi-geklede dames verwelkom.

Die gedugte span dames van Aletta Löchner en Marie de Jager was die gasvrouens en hulle het gesorg dat die 'liefde' van Valentynsdag behoorlik 'aangevoel' kon word. Die kostafel was oorlaai met smaaklike vrugteslaai en roomys - moeilik gewees om net foto's te neem en nie stilletjies te proe nie!



Die feestelike stemming is afgeskop met die talentvolle Gideon Naude en sy saxofoon. Gideon het die eerste vier gedeeltes van 'Six Studies in English Folk Songs' deur Ralph Vaughan-Williams op sy saxofoon gespeel. Daarna het 'n groep lede van die NG-Kerkkoor, onder leiding van Aletta en met klavier-begeleiding deur Pikkie Louw, aan die beurt gekom. Hulle het begin met 'Gebed' van Koos du Plessis en daarna 'Any dream will do' van Andrew Loyd Weber. Op aandrang van die gaste, het hulle nog 'n paar liedere gesing.

Pikkie het 'n spesiale geskenk van Aletta ontvang en Marie het geskenkpakkies (liefdesgeskenkies?) aan die manlike koorlede oorhandig. Die lootjiewenner van die dag was



voorsitter Elizma.

Kort na die optredes, het Aletta die pragtige lied, 'Highway van my Hart' aan die groep soos 'n gedig voorgelees, waarvan die 3de strofe soos volg lees: “Ons brand ons grou verlede se beloftes / word nou één; Twee siele word verening - soos tranen in die reën; Ek wil grys word saam met jou, elke asem binne teug, want die langpad wat ek loop, is die kortpad na jou!”

Hardus Botha



Gideon Naude en Aletta Löchner



Marie de Jager en Elizma de Lange.

BLINDS & FLOORING
@studio

T 028 384 3898
C 082 417 5590

Shop 2, Protea Centre,
Main Road Gansbaai

Call us for a FREE quotation

We do Blinds, Shutters,
Awnings, Carpets, Flooring

info@blindsflooring.co.za

FYNBOS
POLE DEPOT

10 ALL SAINT & ROTHMAN STREET - BREDASDORP
20 MIMOSA STREET - HERMANUS

E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za

PINE POLES - TAPER (CCA H4)

DROPPERS & LATHS (CCA H3)

WOODCHIPS AND SHAVINGS

GARDEN EDGING

FIREWOOD

Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949



Overberg Scaffold
& Machine Hire



Verhuring van alle bouterusting:

Sementmengers, Kompakteerders, Bore,
Kragopwekkers, Brekers (Breakers)

Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)

Hoëdruk spuittoestelle vir die
skoonmaak van mure en dakke.

Industriële Sirkel, Industriële Area
Gansbaai

Tel/Faks: 028 384 0189

Fanie Bothma

Sel: 083 296 2676



UNDER THE MICROSCOPE

Jewel beetles are a girl's best friend

Buprestidae, or Jewel beetles are notorious for their bright metallic lustre. When a predator detects one, they land and close their wings, disappearing into the vegetation through camouflage- a dazzling move. Jewel beetles are heat seekers- sick plants are warmer and these beetles can sense temperature differences from a distance. Sick plants also lack defenses against feeding insects and jewel beetles use this to their advantage by laying eggs on them.

Brought to you by the Groenbos Foundation Entomology team. 2021/17/19



Valentynsdag...

Met Valentynsmaand byna op sy rug, is daar baie WhatsApp boodskappies wat vra dat dit eintlik Valentynsjaar behoort te wees - dus nie net een dag of 'n maand van 'liefde' teenoor jou medemens en geliefdes nie, maar die hele jaar. Jaarliks word baie aandag aan die viering van Valentynsdag gegee - skole, organisasies, instansies en klubs reël



liefdadigheidsfunksies en kaartjies word oor en weer oorhandig - met rooi, vir die liefde, wat oral die oorheersende kleur is. Verskeie Kinderhuise en Tehuise vir bejaardes ontvang rooi-versierde geskenkies en verversings, terwyl Valentynsfunksies vir hulle aangebied word - alles vanuit omgee-harte en met die liefde wat met dié dag gepaardgaan.

Volgens opgetekende oorleweringe oor die oorsprong van Valentynsdag, is baie kommentare daarvoor al geskryf. Dit blyk dat die oorsprong van Valentynsdag na die 3de eeu teruggevoer kan word. Gedurende daardie tyd is die Romeinse Ryk deur die Gote ('n Germaanse/Duitse volk) binnegeval. Terselfdertyd het die *Plaag van Cyprianus* (249-262), waarskynlik pokke, uitgebreek en op sy hoogtepunt 5 000 mense per dag laat sterf. Hierdie twee gebeure het daartoe gelei dat die Romeinse leër uitgeput geraak het. Die Romeinse keiser, Claudius II (268-270), het meer soldate nodig gehad om die Gote teen te staan. Hy het geglo dat mans beter veg as hulle nie getroud is nie en het huwelike vir soldate verbied. Daarna het 'n tydperk van verpligte gode-aanbidding en die vervolging en marteling van Christene gevolg.

Keiser Claudius II het geëis dat Christene hul geloof verloën en heidense afgode aanbid, maar 'n ene Valentinus het geweier, is gearresteer en ter dood veroordeel. Hy was vermoedelik óf 'n priester in Rome, óf 'n biskop in Terni, Sentraal-Italië en het selfs soldate in die geheim laat trou. In kort verloop die res van die verhaal volgens oorleweringe soos volg: terwyl Valentinus op sy teregstelling gewag het, het sy tronkbewaarder, Asterius, hom gevra om vir sy blinde dogter te bid. Toe sy wonderbaarlik haar sig herwin, het die tronkbewaarder tot bekering gekom. Kort voor sy teregstelling het Valentinus 'n nota aan die tronkbewaarder se dogter geskryf en dit onderteken met: "**Van jou Valentyn!**" Op 14 Februarie 1269 is Valentinus by die hek van die Via Flaminia onthoof.

In 1496 verklaar pous Gelasius 14 Februarie as "Valentynsdag" en die vervolging van die Christene het drasties toegeneem. Gedurende die laat Middeleeue (c.1393) het Geoffrey Chaucer, die vader van die Engelse letterkunde, 'n gedig genaamd "*Parliament of Fowles*" geskryf. Daarin het hy beskryf hoe hoenders en voëls hul maats in die middel van Februarie kies: "*Want dit was Sint Valentynsdag, wanneer elke voël van elke soort wat 'n mens kan voorstel na hierdie plek kom om sy maat te kies.*" Ná Chaucer se gedigte, het meer verwysings in die literatuur verskyn wat Valentynsdag met hoflike liefde verbind. Dit het uiteindelik ontwikkel tot die 18de eeuse Engelse gebruik om blomme en lekkergoed aan te bied en Valentynsdag-groetkaartjies te stuur.

Hardus Botha

Anré
FUNERAL HOMES
Since 2009

www.anrefunerals.co.za

**BEGRAFNISSE
VERASSINGS
GRAFSTENE
POLISSE
LIVE STREAMING
VOORUITBEPLANNING**

24 UUR DIENS 028 21 22 716

Hermanus • Caledon • Gansbaai • Kleinmond
Grabouw • Hawston • Riviersonderend • Bredasdorp

Pets/Troeteldiere

Ebervet
vetshops

NEW YEAR, HEALTHIER PETS

Bredasdorp PREMIUM PET FOOD BRANDS Gansbaai

Pavilion Mall Great White Junction
cnr Lang & Sealy Sts Main Rd, Gansbaai

Bredasdorp TOYS, TREATS AND ACCESSORIES 021 007 0759

028 205 0012 www.ebervet.com

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.



Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on kharyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za

2nd Drowning at Gansbaai Harbour



A drowning occurred on 23 February 2025 at 13:14 at Gansbaai New Harbour. The deceased was a 30-year-old black male, known as Phikisile Tshi Tshi. He went with his friend and brother to the New Harbour for a swim on Sunday, 23 February 2025 at around 13:00.

Whilst the deceased was in the water, the friend noticed that he was experiencing

difficulties in the water, and he was screaming for help. He could not swim on his own and his friend immediately jumped into the water, trying to rescue the deceased. Unfortunately, the deceased was too heavy for his friend.

His friend then asked for help from somebody who also was close by. The person immediately jumped into the water and managed to bring the body to shore - unfortunately, it was too late. He was pronounced dead by the Medics of Hermanus. All role players were conducted.

The first drowning occurred a few weeks earlier at the Old Harbour where a man fell overboard from his vessel.

Sgt Abigail Naidoo: SAPS Communication Official

Goue Hande se Rooispan...

Goue Hande se Rooispan het bontgestaan



Herberg aan See se Maand van Liefde is vir die inwoners deur Gansbaai se Goue Hande met 'n Valentynsdagete deur Marie de Jager en haar gedugte span opgekikker.



Siekeboeg word besoek



Valentyns-geluk

Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
 - Income tax
 - VAT
 - PAYE
 - UIF
 - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
 - Companies
 - Close Corporations
 - Trust
 - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filing for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filing.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8631 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za



SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED. TOGETHER.

WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR MONTHLY RETAINERS

LEGAL MONTHLY RETAINERS

TAX & ACCOUNTING SERVICES

LABOUR SERVICES

Strategic Overberg provides a free cost solution to address labour issues faced by business owners. Our pricing is based on a monthly retainer tailored to your needs.

- Our services include:
- Access to telephonic and e-mail advice regarding labour and human resources matters;
 - Presentation of employment contracts and terms of appointment;
 - Issuing disciplinary notices;
 - Labour Manual or if useful terms;
 - Drafting of disciplinary and resignation letters;
 - Under management;
 - Facilitation of retrenchment proceedings;
 - Representation of the CCMA or conciliating councils;
 - Drafting of labour litigation documents and more.

TAX & ACCOUNTING

We offer comprehensive tax, accounting and related services for small business needs.

- Our services include:
- Bookkeeping, full annual financial statements;
 - Tax advice, incl. review of SARS returns, SARS revised notices and tax alerts;
 - Payroll administration;
 - VAT, PAYE, UIF, SARS, EDC and Women's contribution;
 - Company registrations and all other CIPC queries;
 - Clearance certificates and compliance, foreign and emigration;
 - IIP returns and claims;
 - Restructuring arrangements;
 - Import and export business and more.

LEGAL SERVICES

In addition to the standard labour services offered by our companies, our professional staff experts in company, commercial, disputes, real estate, distribution and consumer, real estate, rental disputes, debt collection, and so much more.

- Our services include:
- Access to telephonic and e-mail advice regarding civil and commercial matters;
 - Consultations with practicing attorneys of our associated law firm;
 - Drafting of letters of demand;
 - Drafting of commercial contracts;
 - Assistance with contractual disputes;
 - Civil litigation in the courts and arbitration forums;
 - Debt collection;
 - General legal advice, and more.

CONTACT US TO FIND OUT MORE:

- 7 Rye Street, Gansbaai
- 56 Barnard Street, Gansbaai
- 066 231 8631
- 028 007 0225

When Open on Working Days | www.bizlegal.co.za
 Email: info@bizlegal.co.za | tax@bizlegal.co.za
 Facebook: [bizlegaloverberg](https://www.facebook.com/bizlegaloverberg) on FB
 Head Office: Tax & Financial Services | www.coetzeeandco.co.za

LSG Krieket

Laerskool Gansbaai (LSG) se krieketspelers het onlangs pragtige prestasies behaal - baie geluk en doen so voort!

Westminsterskool, Londen

LSG het op Vrydag, 21 Februarie 2025 die groot voorreg gehad om teen 'n toerspan van die Westminsterskool vanaf Londen te speel. Westminster toer elke tweede jaar na Suid-Afrika, waar hulle teen sewe skole in die Wes-Kaap speel.

Met LSG se goeie verhouding met Grootbos Foundation, is gereël dat die LSG-span vanjaar teen die toerspan kon speel. Shaugin Pillay het 'n krieketbal ontvang vir 'n ongelooflike vangskoot. Die spankaptein, Keagan van der Westhuizen en afrigters, mnr Francoise Stoman & Kie, kan baie trots wees op die span en hul goeie spelvermoë.

Six-a-Side-toernooi

LSG se o/13-krieketspan het aan die Six-a-Side-toernooi by Laerskool

Okkie Smuts deelgeneem en uitstaande spel gelewer en tot in die finaal deurgedring, waar hulle teen Laerskool Kleinmond gespeel het. Alhoewel LSG in die eindstryd moes terugstaan, behaal hulle 'n trotse 2de plek in die toernooi!

Spesiale vermelding gaan aan Shaugin Pillay, wat as die beste bouler van die dag aangewys is, met Keagan van der Westhuizen as die 2de beste bouler. Knap gedaan!

Hardus Botha



Shaugin Pillay (middel) en Keagan van der Westhuizen (regs)



B-BOS BASAAR
 Saterdag
8 Maart 2025
 9h00 -Kom vroeg!
 Ng Kerk
 Baardskeedersbos

KLEINBAAI ONE-STOP
 PETROL | LIQUOR STORE | SUPERETTE | GAS 8 TILL LATE
Get your gas here!!
FREE DELIVERY
 Gansbaai / Pearly Beach / Stanford / Baardskeedersbos
1 Geelbek St, Kleinbaai
028 384 0340
074 906 1510

FIONA FOURIE COUNSELLING
 • BA(Hons) SU | BA(Hons) Psych SU
 • Specialist Wellness Counsellor
 • ASDH reg no. SWC25/2017

GENERAL AREAS OF FOCUS

- Child development
- Trauma
- Addiction
- Family dynamics
- Sexuality
- Relgion
- Burnout
- Anxiety
- Depression
- Relationships
- Grief

ABOUT ME
 I am an individual passionate about mental health. We currently find ourselves in a modern, fast-paced world where navigating and prioritizing our mental health has become increasingly difficult. My goal is to help you navigate this challenging terrain at your own pace, equipping you with the right tools to ensure a happy, healthy, and balanced life!

FOR MORE INFORMATION AND BOOKINGS CONTACT

074 730 8718
 fionafourie02@gmail.com
 Careless Pharmacy Sessions Room
 28 Main Road



Daniël de Villiers, 'n leerder en knap tennisspeler van Laerskool Gansbaai, het die afgelope naweek aan die Wilson Tennistoernooi in Kaapstad in die Seuns O/11-afdeling deelgeneem - die Gansies is baie trots op Daniël en sy brons medalje wat hy met sy puike spel verower het.
Hardus Botha

This Cape Cobra, feeling completely unthreatened, obligingly posed for this stunning photo. Isn't it a beauty?
Grootbos Foundation



OVERSTRAND MUNICIPALITY	OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT	UMASIPALA WASE-OVERSTRAND
